Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-3:8, 9 (29:8, 9)

8 "Laat ons verheug wees en verblyd, / en gee aan God die heerlikheid!
Ná leed wat ons gely het, / staan nou die bruilofsmaal gereed,
waarvoor die Lam se bruid haar kleed / van fynste stof berei het."

9 "Dié skoonheid is aan haar gegee, / Gód het haar met dié kleed beklee
van reine en regte dade / En – salig hy wat tot dié maal
deur God genooi word en mag straal / in daardie lofgewade."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:17 (p. 147)

17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***

Vergifnis:

- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 19:6 (p. 83)

6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: Hebreërs 4

Teks: Hebreërs 4:16; Kategismus Sondag 35

Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word. (Hebreërs 4:16 AFR1953)

Een van die maniere waarop ons na die troon van genade gaan, is om vir die gebruik van die heilige Nagmaal aan die Here se tafel aan te sit.

- Kom ons kyk na die rol wat die Nagmaal speel in ons geloofslewe.
- Ons kyk na die volgende:

1. Hoe openbaar die Nagmaal die grootheid van Jesus Christus?
2. Die gaste aan die Nagmaaltafel
3. Die tug en die Nagmaal

1. Hoe openbaar die Nagmaal die grootheid van Jesus Christus?

Aan die Nagmaaltafel is sondaars wat daar saamkom voor die Here se genadetroon.

- Die Here jaag hulle nie daar weg nie.
- Hulle kom daar saam in die Naam van die Here Jesus Christus.

God se geregtigheid laat hulle juis daar toe omdat die verlossingsgenade van die Here Jesus Christus dit moontlik maak.

- Die Here Jesus het eerste na God toe gegaan –
    - eers met ons sondes, waarvoor Hy gestraf is, en
    - nou is Hy daar in die gebed – besig om vir ons voorbidding te doen.

In die Nagmaal sien ons die grootheid van die Here Jesus se werk.

- Hy gaan sterf aan die kruis.
- Hy bring ’n offer na die God van alle tye toe, naamlik sy eie lewe.
- Daarmee betaal Hy die sondeskuld vir alles wat ons verkeerd gedoen het.

Die resultaat daarvan is dat ons volkome vergewing van sondes van die Vader gekry het.

- Verder ook nog dat die kerk toegerus word met blywende tekens en seëls van die verlossingswerk van die Here Jesus, naamlik die doop en die Nagmaal.
- Nog ’n resultaat daarvan is dat ons op ’n onsigbare manier, dit is geestelik, met die Here Jesus gemeenskap het.

Ons lees dit in 1 Korintiërs 11:25vv:

> **Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink ’n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.**
> (1 Korintiërs 11:25-29 AFR1953)

Dit is seker gepas om die opmerking te maak dat ons net moet onthou dat ons nie uit ons eie na die Nagmaaltafel toe gaan nie.

- Ons word deur die Heilige Gees daarheen geneem, want
    - Hy laat ons glo, en
    - daarom maak hy ook die behoefte in ons wakker om die Nagmaal te gaan vier.

Die Nagmaal openbaar ook aan ons waar die Here Jesus Christus nou is en wat Hy daar doen.

- Hy is nie liggaamlik saam met ons aan die Nagmaaltafel nie,
    - want Hy sit nou aan die regterhand van sy Vader, en
    - daar tree Hy vir ons in met sy voorbidding!
- Hy is nou in die hoogste heerlikheid.
    - Hy verseker ons van vergifnis van sondes, maar
    - terselfdertyd bid Hy ook by die Vader vir ons en smeek Hy die Vader om ons ons oortredinge te vergewe.

Dis hoe die Aanbieder van die Nagmaal lyk.

2. Die gaste aan die Nagmaaltafel

Hulle is almal onreine mense.

- Almal skuldig voor die Here oor al hulle sondes.
- Maar hulle moet ook in hulleself ’n afkeer hê aan hulle sondes.

Dis waarom daar in ons teksvers staan dat ons na die troon van genade toe moet gaan. Daar moet twee dinge by ons aanwesig wees as ons Nagmaaltafel toe kom:

- Die een is dat ons almal aan die tafel van die Here moet kom aansit met berou oor wat ons verkeerd gedoen het.
- Die ander een is dat ons moet kom aansit met die gebed om vergifnis vir ons verkeerde dade.

Waarom kom al die gaste?

- Omdat hulle vertrou op die liefde en die verlossing van die Here – hoe skuldig hulle ook al is.
- Hulle weet dat die Here se liefde so groot is dat Hy ook hulle oorblywende swakheid vergewe.

Daar moet by elke mens wat aan die Nagmaaltafel kom aansit, sekere begeertes wees:

- Daar moet die begeerte wees dat die Here hom/haar innerlik weer nuwe krag moet gee sodat hy in sy uiterlike lewe die sonde kan afsterf en tot eer van die Here kan leef.
- Die Nagmaalgebruiker moet die hede en die toekoms – alles – van die Here verwag.

Maar daar is ook mense wat nie aan die Nagmaaltafel mag kom aansit nie. Ons lees van hulle in Romeine 2:5:

> **Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdae, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.** (Romeine 2:5 AFR1953)

Sulke onboetvaardige mense wat net ’n skyn van bekering het, mag nie met die Here gemeenskap beoefen nie.

- Skynheilige mense besmet die Nagmaalstafel en maak die tafel onrein.
- Hulle moet van die Nagmaal af wegbly.
- Daarom word daar ook geleer dat sulke mense ’n oordeel oor hulleself eet en drink.

3. Die tug en die Nagmaal

Die kerkraad is die mense wat die Here deur die gemeente verkies het om onder andere toesig te hou oor die sakramente.

- Hulle moet toesien dat die sakramente reg bedien word, en dat die sakramente ook nie ontheilig word nie.

Hoe sal die kerkraad weet wie Nagmaal mag gebruik en wie nie? Die opdrag van die ouderlinge word mooi beskryf in Handelinge 20:28. Die ou vertaling lees:

> **Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het, om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het.** (Handelinge 20:28 AFR1953)

Die nuwe vertaling lees:

Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun. (Handelinge 20:28 AFR1983)

Die Skrifgedeelte het baie verreikende implikasies, want dit gee aan die ouderlinge die opdrag wat ook die Nagmaal raak.

- Daar mag dus slegs mense aan die Nagmaaltafel kom wat onder die toesig van die kerk-raad staan, want die kerkraad moet kan getuig dat hierdie mense opreg is in hulle geloof.
- Dit is waarom daar voor Nagmaal huisbesoek gedoen word by elke lidmaat.

Een van die dinge wat by daardie huisbesoek gedoen moet word, is dat die ouderlinge lidmate wat in 'n bepaalde sonde volhard, moet vermaan om hulle te bekeer.

- As dit gebeur dat iemand nie van sy sondes wil afstand doen nie, moet sodanige persoon ter wille van die heiligheid en die erns van die Here Jesus se werk, van die Nagmaal af weggehou word.
- Want die kerkraad het by die Here die opdrag om toe te sien dat die heiligheid van die sakramente bewaar en beskerm word.

Dit gebeur soms dat lidmate om die een of ander rede in hulle eie gemeente spanning veroorsaak en dan die sakramente verbied word.

- Dan gaan hulle na ander gemeentes toe wat nie van hulle dinge weet nie, en vier die Nagmaal daar.
- Dit is uiteraard heeltemal verkeerd – daarom moet iemand wat van 'n ander kerk af by ons is wanneer ons Nagmaal vier, en die persoon wil saam Nagmaal vier, 'n brief van sy tuiskerkraad toon.

Die kerk waar die persoon lidmaat is, moet daarin getuig dat hierdie lidmaat onberispelik is in sy leer en lewe. Daardie kerk moet by hierdie kerk aanbeveel om die betrokke lidmaat toe te laat om saam met ons die gemeenskap met die Here aan sy tafel te vier.

Dit is waarom ons lidmate wat sonder getuienis by ons is, nie saam met ons laat Nagmaal gebruik nie.

- Dis nie omdat ons dink hulle is ongelowiges nie – allermins.
- Ons kan net niks van hulle voor God getuig nie, en ons het die uitdruklike opdrag van God om oor die gemeente te waak.

Wanneer daar tug uitgeoefen word oor 'n lidmaat wat volhard in 'n bepaalde sonde en verhard is, is die bedoeling glad nie om die persoon uit die kerk uit te dryf nie.

- Die bedoeling is dat die persoon sy eensaamheid moet beleef as hy sien hoe die ander lidmate gemeenskap met die Here en met mekaar beoefen, en hy daarvan uitgesluit is.
- Hy sal dan deur hierdie belewenis beweeg word om sy sonde te laat vaar sodat hy weer in die gemeenskap van die gemeente opgeneem kan word.

Die Nagmaal is 'n maaltyd wat die gemeenskap met die genade van God aan ons demonstreer.

- Volharding in die sonde is om die Here en sy genade te verwerp.
- Daarom kan hierdie twee dinge nie saamgaan nie.

Die Nagmaal het dus ook ten doel om jou die oordeelsdag te laat sien sodat jy baie skerp die genade van die Here Jesus kan beleef.

- Die Nagmaal troos jou omdat dit jou leer dat jy in daardie oordeelsoomblik die oordeel van God sal oorleef, want die Here Jesus se kruisdood het vir jou voorsiening gemaak sodat jy vrygespreek gaan word, en met ewige saligheid beklee gaan word.

Geliefdes, wanneer ons weer oor ’n tyd gereed maak om Nagmaal te vier, ondersoek uself, en verootmoedig u oor sondes wat nog in u lewe. Maar kom dan Nagmaal toe met verlange om by God te wees, en met u oë gerig op die Here en sy genade.

Kom ons kyk wat leer die Heidelbergse Kategismus ons oor hierdie dinge in Sondag 35:

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).*
(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: *God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).*
(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: *Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).*
(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Amen.

Slotgebed

Psalm 48:1 (p. 243)

1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.

Bevestiging van diakens

Psalm 20:1, 2, 4 (p. 90)

1 O, mag die HERE u verhoor / in dag van nood en stryd!
En mag die Naam van Jakobs God / u dek in oorlogstyd!

2 Mag Hy sy heil en bystand stuur / uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun, / van waar u hulp sal kom.

4 Mag Hy, die ryke God, u gee / al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam – /mag u dié guns ontvang!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Oktober 2010